

DIE SKOOLMUSEUM

deur

JOHANN STRAUSS B.A.

ONS leef in 'n tyd waar hulpmiddels en aanskouingsonderwys in die opvoedkunde 'n prominente plek inneem — of behoort in te neem. In 'n vak soos geskiedenis by uitstek, waar die onderwyser dit hom ten doel stel om 'n liefde by die leerlinge te wek vir die vak as sodanig, en om hulle só te aktiveer dat hulle self meer sal gaan nalees, opspoor en ondersoek, kan niemand die waarde van konkrete hulpmiddels betwis nie.

Daar is verskillende hulpmiddels om die geskiedenis so aanskoulik en begryplik moontlik te maak, en om te poog om die geskiedenis te laat leef. Sodanige hulpmiddels sal soms natuurlik verskil vir die laerskool en hoërskool, maar daarvoor is al baie gesê en geskryf — ook in „Historia” — en dit is geensins my doel om onnodig te herhaal nie. Ek wil my egter bepaal by die museum as die een hulpmiddel wat ewe effektief is vir die laerskool, hoërskool, kollege of selfs universiteit. Mens voel geneig om te beweer dat dit 'n essensiële vereiste is vir die werklik suksesvolle onderrig van die geskiedenis in die algemeen, en vir die vaderlandse geskiedenis in besonder — indien die leermeester eers „bederf” is daarmee. Nou moet ons die feit aanvaar dat die kwessie van besoeke aan musea en die opvoedkundige implikasies wat daarmee saamhang, vir die werklik belangstellende geskiedenisonderwyser 'n vanselfsprekende noodsaaklikheid is waarvan die waarde klaar bewys is. Juis daarom is daar al soveel oor die opvoedkundige waarde van besoeke aan musea geskryf en gepraat. Juis daarom is dit een van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika se doelstellings om die historiese museumwese te bevorder. Verder getuig die aantal beskrywingspunte wat in dié verband op die laaste jaarkongres van die Genootskap aange- neem is, en wat o.a. as einddoel inhou dat goed-onderlegde historici leiding moet neem by musea om daardeur alleen die beste voor- en inligting aan besoekende belangstellendes en skoolkinders te gee, ook daarvan. R. G. Collingwood noem in „The Idea of History” dit 'n doelstelling van geskiedenis „to tell man what man is by telling him what man has done”. Nou volg dit as logiese konsekwensie dat nóg beter resultate bereik *moet* word, indien dit prakties moontlik sou wees „to tell man what man is, by (showing) him what man has done.” So 'n definisie sou in die praktyk nie volkome moontlik wees nie, maar in soverre dit tóg prakties moontlik is met behulp van musea, is dit ons plig om dit toe te pas.

Die geskiedenisonderwyser wat in 'n stad naby 'n museum is, ondervind geen probleme — of baie weinig — om darem af en toe 'n museum te besoek nie. Dit is waar dat die tydsfaktor stremmend inwerk op selfs die stedelike onderwyser, en dit dus onmoontlik maak om geheel en al reg te laat geskied aan sowel die leerlinge as die musea. Vir die plattelander is dit egter haas onmoontlik

of besonder moeilik om selfs eenkeer 'n jaar 'n groot museum met sy leerlinge te besoek. Dit moet egter duidelik gestel word dat alles in die vermoë gedoen behoort te word om soveel moontlik gebruik te maak van gevestigde musea deur besoeke. Maar as skrale aanvulling, en in sekere gevalle as enigste moontlike alternatief, moet die waarde van skoolmusea — die sgn. eie museum of versameling van historiese artikels en voorwerpe, nie té gering geskat word nie.

Skoolmusea is 'n onderwerp waaroor al veel geteoretiseer is maar, tragies genoeg, 'n gebied wat nog in die praktyk veel te wense oorlaat. Slegs 'n klein persentasie van al ons skole het vandag 'n eie skoolmuseum. Die vraag kom onwillekeurig op of dit werklik as gevolg van praktiese probleme is, of dalk as gevolg van gebrek aan die nodige entoesiasme en belangstelling van die kant van die leermeester? Dat daar alreeds laer- sowel as hoërskole is wat vër gevorder het met die oprigting van 'n eie skoolmuseum is lofwaardig, maar dat daar nog soveel skole en opvoedkundige inrigtings is wat geen poging in dié rigting aangewend het nie, maak die onderwerp 'n skyf vir kritiek. Ek wil geensins beweer dat skoolmusea 'n volledige geheelbeeld van die verlede, of selfs sekere fases uit die verlede sal weerspieël, soos bv. die gevestigde musea of 'n mobiele museumskema nie. Maar aan die anderkant wil ek tog beweer dat die opvoedkundige en historiese waarde en voordele verbonde aan die skoolmuseum (of eie museum) so gunstig opweeg teen die moontlike nadele, dat minstens elke skool en kollege (miskien selfs die universiteit) benewens die gewone musea en die moontlikheid van 'n mobiele museumskema, nogtans 'n eie versameling behoort te hê. Let wel, nie as plaasvervanger van die openbare museum nie, maar eerder as aanvullende, bykomend-sekondêre, eie besitting. Wanneer 'n geskiedenisonderwyser of -dosent die leerlinge of studente van sy inrigting só aktiveer (afgesien van akademiese hoogtes wat hul mag bereik) dat hulle nie alleen dit wat geskiedenis is gaan bestudeer, naslaan of lees nie, maar ook dít wat tot die geskiedenis behoort, help versamel en bewaar vir die nageslag, bereik hy beslis veel tot heil van sy vak en leerlinge.

Ter verdere motivering, ten slotte 'n praktiese voorbeeld. 'n Tydjie gelede het die skool waaraan ek verbonde is ('n ou, gevestigde skool) vir die eerste keer 'n begin gemaak met die oprigting van 'n eie historiese skoolmuseum. Slegs twee weke nadat ons daarmee begin het, was die glaskas met vier groot rakke gevul met artikels van historiese waarde, en moes meer ruimte gevind word. Só waardevol is die artikels, dat ons dit goed gevind het om die versameling te verseker. Waardevolle historiese stukke, wat geweier was aan gevestigde musea is (eienaardig genoeg) aan ons geskenk, of voorwaardelik geskenk. Artikels wat andersins moontlik verlore sou geraak het, het nou 'n veilige plek gevind, o.a. 'n swaard wat na oorlewering dateer uit die Frans-Pruisiese oorlog, 'n tjalie van sowat 250 jaar oud, 'n voorlaaiergeweer met volledige toebehore, koeëlvorms, ens., vysel en stamper van ongeveer 130 jaar oud, afskrifte van briewe van Jopie Fourie, tonteldoos, handbajonet en ander oudhede uit die Anglo-Boereoorlog, Ceylon en die kafferoorloë, Statebybel, ens. Die belangstelling van die leerlinge is selfs sodanig geprikkel dat van hulle begin vra het

om in ander vakke ook versamelings te maak. Deurdat die skenker van die artikel se naam op 'n kaartjie met die geskiedenis van die artikel self, geskryf word, is daar nogal 'n mate van gesonde wedywing onder die leerlinge, nl. wie die meeste artikels tot die versameling bydra. Behalwe dat die skoolmuseum tot beskikking is van kollegas en kinders, is dit 'n permanente aanwinst vir die skool, en deur die leerlinge self versamel. Die opmerkzaamheid van die leerlinge word hierdeur ook verskerp — waar hulle voorheen iets sou sien sonder om daarvan notisie te neem, vertoon hulle nou 'n intense belangstelling in alles wat enigsins oud lyk.

Dat dit die leerlinge verder 'n beter insig gee van die ontwikkelingsfaktor in die geskiedenis, al is dit dan nie soseer 'n „geheelbeeld“ nie, kan sekerlik nie betwis word nie. Die leerling begryp daardeur die verhouding verlede-hede-toekoms — die basiese driehoek van die geskiedenis — veel beter, en dit deur eie ondersoek, eie ontdekkings en eie, eerstehandse gevolgtrekkings.

Indien dit die hoofdoel was om hier spesifiek oor die voordele en waarde van skoolmusea te skryf, sou dit sekerlik 'n boek kon word. Omdat die voordele egter in 'n groot mate vir hulleself spreek en vanselfsprekend aanvaar kan word, is slegs 'n paar hier terloops genoem. Die hoofdoel is veel eerder om die saak self, ons skoolmusea, by vernuwing onder die aandag veral van ons onderwysprofessie te bring en dit te propageer.